# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

**November 2019**
Jaargang 35 Nr 4

## Dankbaarheid



***Dankbaarheid is soos water en sonlig dit laat seëninge groei...***

**Annetjie Potgieter**

## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie
2. Die geheim om gelukkig te wees- Daleen Venter
3. Tien melaatses se ellende, verlossing en dankbaarheid – Gerard Schuring
4. SDDS – Droogtehulp in die Noord Kaap
5. Die Diakonie – Andries Buys jr.
6. Gemeente nuus
    - Belydenisaflegging
    - Verjaarsdae
    - Attestate
7. 40 Jaar van dankbaarheid – Driaan du Plessis
8. Dankbaarheid uit die gemeente
9. Die brand wat dankbaarheid kom aansteek het- Jaco en Daleen
10. Kreatief dankbaarheids kruik
11. Dankbaarheids ete
12. Grappies

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

**Brief van die Redaksie**

November is die tyd wat mens besef die jaar is om. Dit is die tyd wat jy besef die volgende jaar lê en loer. Dit is die tyd wat ons omkyk en sien wat het alles die jaar gebeur. Ons kan terug kyk en paniekerig raak oor dinge wat nie uitgewerk het nie, of dinge waarby ons nooit uitgekom het nie. Of ons kan omkyk en sien hoeveel dinge daar is waarvoor ons dankbaar is.

Met hierdie uitgawe is ek werklik diep geraak deur elke een wat deelgeneem het aan die vra oor dankbaarheid. Elke een van julle het my geseën met jou bydra. Ek besef dat elke een van ons pakkies het wat ons hierdie jaar gedra het. Elke een het vreugdes ervaar maar ook moeilike tye. Dit is dan vir my 'n besonderse seën om te sien hoe elke een dinge kon sien waarvoor hy of sy dankbaar is in hierdie jaar wat verby is. Ek hoop dat dit vir elke een wat dit lees iets sal beteken. Dit het my weer die moed gegee om te sien hoe ander ten spyte van moeilike omstandighede steeds seën sien in hulle lewe. Moed gegee om my eie pakkie verder te dra. Ek dink dit is wat God van 'n gemeente verwag. Wanneer ons , ons stories deel met mekaar bemoedig ons mekaar.

Ek het 'n onderhoud gevoer met 'n jong man in ons gemeente en sy wysheid het my diep geraak. Ek deel dit graag met julle:

"As jy dankbaar is sien jy positiewe in die negatiewe. 'n Mens voel beter wanneer jy besef hoeveel goed daar is waarvoor jy dankbaar is." Andries Venter.

My wens vir elke een wat hier lees is dat jy die seën van God in jou lewe sal raaksien en met 'n dankbare hart tot God sal juig daaroor.

Groete

Daleen Venter



# *Die geheim om gelukkig te wees*

Studies toon aan dat die nommer een ding waarna almal soek geluk is. Dit is dan ook die nommer een ding wat almal bly ontwyk. As mens 'n peiling doen om te sien wat mense as geluk beskou kry mens antwoorde soos: " Ek sal gelukkig wees as my skip inkom."

Die dag wanneer ek getroud is, sal ek gelukkig wees. Eendag as al my skuld afbetaal is, sal ek sekerlik weer bietjie geluk kan smaak. As ek net maer kan wees sal ek gelukkig wees. As ek 'n betroubare kar het, sal ek gelukkig wees. As dit net bietjie wil reën sal dit my so gelukkig maak. Wanneer my kinders se universiteits- gelde klaar betaal is, sal ek weer kan asemhaal, as ek klaar is met skool kan my lewe begin, as my gesondheids probleme uitgeskakel is, kan ek ook vir 'n slag weer lewe en so gaan die lys aan.

Dit alles impliseer dat dit wat ek nou het, is nie goed genoeg nie. Dit impliseer dat ek verdien beter. Luister ons na die Prediker wat alles gehad het en steeds geen vreugde daarin kan vind nie of praat ons met mense wat alles het, dan besef ons daar sal altyd nog iets wees wat ons ontwyk.

Daar moet dus 'n ander roete na geluk wees. Daar is 'n baie belangrike ding wat ons mis wanneer ons dink ons omstandighede moet verander sodat ons gelukkig kan wees. Die bestanddeel wat ons mis is : Dankbaarheid.

Dankbaarheid is die sleutel tot die pad van gelukkig wees. Wanneer jy dankbaar is vir jou huidige omstandighede , sien jy meer positiewe dinge raak en dan is jy gelukkiger in die nou met wat jy nou het. Vandag.

Wanneer jy dankbaar is vir jou huidige omstandighede dan kan jy sien dat in hierdie moeilike ding waardeur jy moet gaan is daar lesse te leer. In hierdie omstandighede nood dit jou om na God uit te reik.

Wanneer jy dankbaar is vir dit wat jy het voel jy hoe die las van jou skouers af val.

Luister ons na wat Paulus ons leer om in alle omstandighede dankbaar te wees dan moet ons besef vir ’n man soos Paulus wat al die goed wat ons dink ons gelukkig kan maak, nie gehad het nie, en steeds vreugde kon ervaar moet daar iets wees in dankbaarheid wat genesend is, wat krag verskaf en wat vreugde genereer.

Kyk ons medies na dankbaarheid sien ons dat dankbare mense meer gesond is en dat die invloed van positiewe dankbare gedagtes op die liggaam van onskatbare waarde is.

Dit het my altyd gepla wanneer ek lees: 1 Tess 5 v16-18 : *“Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.”*


Die dag toe ek besef dat ek God nie ’n guns bewys deur te lewe nie. Dat God my nie nodig het nie. Dat God my NIKS skuld nie. Dat om my oë oop te maak elke oggend GENADE is. Nog ’n kans is om God te wys dat ek dankbaar is vir hierdie lewe wat HY goedgedink het om vir my te gee. Dat elke oggend as die son opkom ek nog ’n kans kry om die dinge wat Jesus ons kom leer het te doen. Dat ek nog ’n kans kry om Sy lig te skyn. Daardie dag het ek besef dat alles wat ek het...alles wat met my gebeur is in God se hande. En ek is dankbaar dat Hy dink hierdie goed kan ek deurgaan. Ek is dankbaar dat Hy in hierdie dinge vir my hulpbronne gee om Sy lig te skyn.

Dit bring my by die slotsom dat Dankbaarheid die enigste manier is hoe ons kan leef. Die enigste manier is om innerlike vreugde en vrede te ervaar.

Soms sit ons in ’n situasie en ons wonder, maar hoe op aarde moet ek in hierdie situasie enige dankbaarheid raaksien? Ek daag jou vandag uit om God te vra. Hy sal jou wys. En dan moedig ek jou aan om jou oë van jouself af te haal en rondom jou te kyk. Om om jou te



kyk, sal jy sien dat God genadig is. Hy is miskien nie die skepper van die slegte dinge hier om jou wat gebeur het nie, maar wanneer jy na Hom draai in moeilike tye draai HY elke slegte situasie ten goede. (Rom 8v28)



**TIEN MELAATSES SE ELLENDE, VERLOSSING EN DANKBAARHEID**

Dankbaarheid is onverstaanbaar sonder ellende en verlossing. Die lied van Moses in Deut 32, die brief aan die Romeine, die Kategismus en byvoorbeeld die perikoop oor die tien melaatses is verdeel in ellende, verlossing en dankbaarheid.

***Ellende.*** Toe Hy [Jesus] 'n sekere dorpie binnegaan het tien melaatse mans Hom tegemoet gekom. Hulle het op 'n afstand bly staan en uitgeroep: "Jesus, Meester, ontferm u tog oor ons!"

***Verlossing.*** Toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: "Gaan wys julleself vir die priesters." Op pad daarheen is hulle gereinig.

***Dankbaarheid.*** Een van hulle het, toe hy sien dat hy gesond geword het, omgedraai terwyl hy God met 'n harde [= luide] stem loof. Hy het op sy gesig aan Jesus se voete neergeval en Hom gedank. Hy was 'n Samaritaan. Jesus antwoord hom toe: Is daar dan nie tien gereinig nie? Waar is die ander nege? Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te loof behalwe hierdie vreemdeling nie?" Toe sê Hy vir die man: "Staan op en gaan. Jou geloof het jou gered." (Luk 17:12-19, Direkte proefvertaling).

**Ellende.** 'n Melaatse moet sy klere skeur, sy hare laat loshang en sy snor bedek, beeld van ellende. Waar hy gaan moet hy roep: "Onrein! Onrein!" hy moet eenkant woon, buite die laer, mag nie in die tempel kom nie (Lev 13:45-46). Staan opsy, onrein! Staan opsy, staan opsy, moenie aanraak nie! (Klaagl 4:15).

Melaats, dit is ek en jy. Staan opsy, hier kom ons, ellendelinge! Ons is glad nie in staat om iets goeds te doen nie, geneig tot alle kwaad, in sondes ontvang en gebore (Sondag 2-3). Ons pas nie in die paradys nie, moet buite bly soos Adam en Eva. Geen toegang! No entry! Gerubs met vlammende swaarde bewaak die poort. Onthou



u die preek oor Sag 3 met die aangeklaagde se vuil klere, die Satan as aanklaer, die Regter en die Advokaat?

**Verlossing.** In Matt 8:3 het Jesus Christus, ons Advokaat, die smekende melaatse *aangeraak en gereinig* (Matt 8:3). In Sag 3 gee Hy die bevel: Trek sy vuil klere uit en gee hom nuwe, skoon, heel klere, 'n priester-gewaad, wit gewas in die bloed van die Lam (Openb 7:14). Hy lei sy volk uit Egipte, uit die slawehuis, uit die huis van sonde en ellende. Die geslagte Lam, die tweede Adam, bestyg die troon – die vier gerubs keer Hom nie – en Hy neem die boek van die lewe met die name van die burgers van Sion in sy hand (Openb 5:6-7; 13:8). Sion se bouplan is gegra-veer, getatoeëer, in sy handpalms (Jes 49:10).

**Dankbaarheid.** En dan? Dan breek die dankgebede en die beurtsange uit in al hoe wyer kringe om die troon: die vier gerubs, die 24 engelvorste, die duisende-der-duisende engele, elke skepsel in die hemel en op die aarde (Openb 5:8-14).

Moet ons nou in die dorp *Halleluja!* en *Hosanna!* loop en sing? Onder die opskrif *Dankbaarheid* behandel die Kategismus heel gewoon die Wet en die gebed. Om God te dank is (a) om Hom lief te hê met jou alles, (b) om jou naaste lief te hê soos jouself en (c) om in jou binnekamer jou hande te vou. Moet ons dan nie sing, Hom met luide stem in die openbaar loof nie? Mirjam-hulle en die hele volk het tog in beurtsang gejubel: Sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gewerp! (Eks 15:19-21).

Die vierde gebod, die vierde manier om dankie te sê, is om op die Sabbat "ywerig met die gemeente van God saam te kom en die Here openlik aan te roep" (Sondag 38). Dit doen die predikant in die

openbare gebed en gebeur ook wanneer ons saam Psalms sing, want Psalms is gebede.

Ek weet van 'n gesin wat na ete by hulle huisgodsdiens 'n paar strofes van Ps 136 gesing het: Pa en Ma sing byvoorbeeld: "Loof die HEER wat ewig leef, mens en dier hul spyse geef" en dan antwoord die hele gesin met die refrein: "want sy goedertierenheid sal bestaan in ewigheid!" Kan ons partykeer ook nie sommige Psalms met beurtsang in die kerk sing nie?

Refreine kom voor in Psalms 8, 42, 80, 107, 118 en 136. Ander Psalms se strofes sou om die beurt gesing kan word, byvoorbeeld Ps 145 strofe 1 deur die broeders en seuns, strofe 2 deur die susters en dogters en strofe 3 deur die hele verbondsvolk.

Gerard Schuring





# SDDS

**Sinodale Deputate Diakonale Sake**

31 OKTOBER 2019

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geagte Voorsitter

**DROOGTEHULP IN DIE NOORD-KAAP**

Soos u bewus is heers daar `n erge droogte in groot dele van die Noord-Kaap. Ten spyte van die omvang van die droogte is die Noord-Kaap nog nie as ramp gebied verklaar nie. Die hulp wat die regering aangebied het ~~is~~ was so gering dat dit geen wesenlike verskil of verligting te weeg gebring het nie.

`n Afvaardiging van SDDS het groot dele in die Noord-Kaap ~~fisies~~ gaan besoek om met gemeentes en boere in daardie gebiede kontak te maak, ten einde vas te stel op welke wyse die kerke kan help.

Die hulp wat dringend benodig word kan in twee komponente verdeel word:

- Plaas (water, voer, brandstof, arbeiders…)
- Huis (kos, klere, skoolgelde, brandstof, krag…)

Die impak van die droogte is so geweldig dat boere gedwing was om die meeste van hulle vee teen baie lae pryse te verkoop. Die bietjie vee wat oor is word tans byna voluit gevoer om hulle aan die lewe te hou. Baie van hierdie vee is in `n swak kondisie en moet verder gevoer en afgerond word voordat die diere verkoop kan word. Hiervoor het die boere kragvoer nodig wat duur en skaars geword het. As gevolg van die hoë koste van vervoer is dit is egter goedkoper om kragvoer te vervoer as groot massas droë voer. Skenkings van droë sal egter nie afgewys word nie en sal aangewend word.

Die dringender nood lê egter by die huis. As gevolg van die langdurige droogte is baie van die boere se kontantvloei totaal uitgeput. Dit raak `n

stryd om kinders op skool en in die koshuis te hou. Die afstande wat baie van hierdie boere moet aflê om hulle kinders by goeie skole te kry raak ook te groot en baie moes noodgedwonge hulle kinders uit dié skole haal omdat die uitgawes aan vervoer en losies nie meer bygebring kan word nie.

Graag deel ons ook die vreugdes met u. Ondanks die omstandighede heers daar `n moedigheid en kameraadskap. Dit het ons nederig gemaak om te sien hoe dankbaar hierdie boere in die Here is. Dankbaar vir die voer wat geskenk word, dankbaar vir elke besoek, dankbaar vir al die gebede. Op elke dorp en plaas wat ons besoek het is ons hartlik ontvang. Ons het gegaan om te bemoedig, maar het self bemoedigend daar weggegaan.

Dit is vir ons verblydend om te kon opmerk dat die fondse wat ons reeds beskikbaar gestel het met groot sorgvuldigheid beheer en met wysheid bestee word. Die nood is werklik groot en dringend. Wees verseker dat elke bietjie hulp, hoe gering dit ook al mag wees, werklik `n impak het.

U word vriendelik versoek om die nood in u gemeente bekend te maak met die versoek aan lidmate om aan die noodlydendes in die Noord-Kaap in hul gebede te dink.

Waar lidmate dit in hulle harte vind om ook ‘n bydrae te maak om die nood te verlig, versoek ons vriendelik dat diakonieë enige bydraes na die volgende rekening sal oorplaas:

Rekeningnaam: SDDS

Rekeningnommer: 3330141750

Takkode: 632005

Verwysing: Droogtehulp

Ons is ook bewus dat kerkrade en diakonieë hulp direk na noodlydendes stuur waarvoor ons baie dankbaar is. Ter wille van koördinasie versoek ons dat hulp deur die SDDS gekanaliseer word. Dit sal verseker dat hulp so wyd as moontlik versprei word.

U broeder in Christus

Ds Fritz Potgieter

Voorsitter: SDDS



# Diakonie

Geliefde broers en suster in Jesus Christus.

Dit is met dankbaarheid aan God en die liefde wat Hy aan ons betoon, wat ons makaar moet ondersteun en bystaan.

Dit is met groot dankbaarhied aan ons Hemelse Vader, dat die Diakonie, deur die liefdesgawes wat uit die gemeente kom, in staat is om medegelowiges te kan bystaan en sal voort gaan om ons medegelowiges te ondersteun, daadwerklike liefde teenoor ons medegelowiges en alle mense te bewys en deur elkeen te besoek, sorg te dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie.

Afgesien van finansiele hulp, is daar ook hulp verleen deur die Kerstyd, aan behoeftiges deur die uitdeel van nie bederfbare kos wat ingesamel is vanuit die gemeente deur die susters.

Hier volgens ‘n kort opsomming van die Diakonie se finansies vanaf
1 Augustus 2019 tot 31 Oktober 2019

| | | |
|---|---|---|
| Liefdesgawes ontvang | - | R 53 995.00 |
| Hulp verleen | - | R 41 752.50 |
| Vaste uitgawes (deurlopende hulp) | - | R 30 702.50 |
| Tjek rekening saldo 14 November 2019 | - | R 88 973.88 |

Ten slotte - enige geldelike bydrae tot die Diakonie se fondse gaan ‘n groot verskil maak in baie mense se lewens, en juis die mense wat dit die meeste benodig. Skenkings aan die Diakonie word met oorleg en liefde aangewend om ons gemeente se mense by te staan in tye van nood.

**Absa Thabazimbi (334-346) 1580 280 001**

Vanaf die Diakonie wil ons almal bedank vir al die bydreas en skenkings wat vanuit die gemeente gemaak word.

**Mag u en u gesin hierdie Kerstyd werklik ons Hemelse Vader se liefde en vrede ervaar.**

# Gemeente nuus





# **B**elydenisaflegging

## 10 November 2019



***Roelien van Dyk, Hermien Roux, Jannique Oosthuizen, Emmerentia du Preez, Peet Meyer.***

## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- **Trix Dreyer** - 83 jaar – **16 Desember** – 082 357 6835 Wyk Pionierspark.
- **Tinie Steyn** 82 jaar – **10 Januarie** - 082 871 0677 Wyk Faunapark

### *ATTESTATE*

Opgeneem in die gemeenskap van die Gereformeerde Kerk, Sr. Loudene Meyer gebore Du Plessis, wyk Bergsig.





# 40 Jaar van Dankbaarheid

Na 40 jaar in een gemeente waar begin ek en waar stop ek. Ek wil graag my 40 jaar ervaringe in ’n neutedop met julle deel en hoe ons met dankbaarheid daarop kan terug kyk en weet dat als in God se raadsplan was.

Ek Jan Adriaan du Plessis op 19 Julie 1979 gebore op Thabazimbi. Uit ’n groot Du Plessis familie. Ek is op 2 September 1979 gedoop deur Ds Scheepers. Op 3 onthou ek hoe my pa my goed geslaan het met die belt omdat ek nie wil stil sit in die kerk nie. Ek het ook lank gedink dat die duiwel daar bo in die hoek bly bo die preekstoel.

Op skool het Ds Cassie ons op kampe gevat soos na Zimthabi toe die eenkeer was ons met beestrok vervoer vanaf die kerkgebou en ons het dit altyd baie geniet. Daar was ook kampe na Komma Nader en klein Kariba en Tannie Brenda het altyd gesorg dat ons maagies vol was.

Op Hoërskool is ons deel van die JV (Jongelied Vereniging) elke Woensdag by mekaar gekom 18h00 by die kerk. Ons het gegaan want ons wil daar wees. Ds Cassie het ons baie gelei en ons het gaan sing by Bosveld Oord. Pannekoek aande gehad en dan ook by Bosveld Oord gaan pannekoek uitdeel. Miskien waar my liefde vir oumense gekweek is. Toe wil ons see toe maar dis duur en almal het dit maar nie breed nie. Ons het aan die werk gespring en hangers verkoop ons het in die aande van huis tot huis geloop en hangers verkoop daar was klomp projekte maar ons het dit gemaak en ons is see toe die Julie vakansie van 1994. Wat ’n belewenis ons het saam Bybelstudie gehou, saam pret gehad maar binne perke, maar ons was tenminste altyd die soetste kinders want die Dominee se kinders was stouter. Verder met JV het ons Volleyball aande gehou in die saal ons het ook Bybel vasvra gehou en nog vele meer maar Woensdae aande was ’n belewenis om na terug te kyk.

By katkisasie het ek van die beste kategete gehad ’n paar wat uitgestaan het was Tannie Magriet Erasmus (Sy was kwaai maar altyd reg), Tannie Nellie Coetzee (Ouma van Tjaart en Dirk) , Tannie Sara Klopper (Sy het die Rigters se name geleer maar dit het darem vasgesteek) in Belydenis klas by Ds Cassie moes ons werk dat dit bars want ken moet ons die werk ken. Ek onthou altyd die pyp reuk van Ds Cassie. Met katkisasie opening elke Maandagaand moes ons ’n Psalm ken en as jy hom nie geken het nie was daar moeilikheid. Ek het in Februarie 1997 belydenis afgelê. Ons was ’n groot groep. (foto in die Saal teen die muur)

So begin die grootmens lewe met ’n goeie fondasie wat ek as kind opgebou het. Ek werk van skool af deeltyds by Shoprite want geld gaan nie aangerol kom na jou toe nie mens moet maar daarvoor werk. Ek gaan werk by ’n Paprika Fabriek wat als op die verkeerde maniere in die lewe doen. (Dit was maar my weermag in my lewe gewees). Ek weier om op ’n Sondae te werk en was nie baie gaaf behandel op Maandae by die werk nie. Ek hou so jaar en paar maande uit by hulle en besluit ek sal eerder vir my Pa gaan boer (Lw wat ek van Boerdery af weet is ‘n baie grys area en nog steeds) Binne twee weke kry ek werk by Wes Enterprises en begin op 29 Januarie 2001 by hulle werk.

Op 20 jarige ouderdom word my moeder in Augustus 2000 met kanker gediagnoseer. Die woord Kanker slaan klaar ’n vuishou in mens in. Dokter se woorde probeer behandeling vir wat dit werd is. So sien ek my ma waarvoor ek lief is agteruit gaan. My gebede verander van Here neem haar want so leiding wil ons haar spaar. So twee dae voor haar dood merk ek ’n glinster in haar oë so of sy deur ons kyk na ’n ander demensie. Met haar afsterwe was daar soveel by maar na die tyd raak die huis stil net die Oom’s kom kuier vir my Pa waar die Oom en Tannie altyd kom kuier het. Die woorde op haar grafsteen “Niks kan ons van Godsliefde skei.” Ek wou met haar praat en so kommunikeer ek toe deur gebed.



So soek ek ook na ’n lewensmaat maar iemand wat met Gereformeerde waardes groot geword het. Dit was ook ’n gebed saak. So bel Celia Kruger my en nooi my om by die Pastorie te kom kuier. Daar ontmoet ek vir Mientjie Jonker sy kom uit Ferdie(Lw hy het verkies dat ek hom op sy naam noem) se vorige gemeente uit Meyerton. Sy help vir Celia met Petro. Daar hoor ek die woord outisme min wetend dat dit eendag ook ’n rol in my lewe sal speel. Mientjie is toe terug Vereniging toe en daar ry ek gereeld om te gaan kuier. Ek word hartlik ontvang deur haar ouers en broers en sus. Sondae saam kerk toe soos dit hoort en die dinge waarmee ek my kan vereenselwig na paar maande van rond ry besluit ek om ouers te vra en op 9 Augustus 2003 trou ons uit die Gereformeerde Kerk Vereeniging-Oos (Nou Vereeniging) Ferdie bevestig ons in die huwelik met die woorde “wag vir mekaar.”

In ons huwelik wil ons ook graag kinders hê. Na lang gesukkel is Mientjie swanger. Daar is ’n paar vrae en dinge wat nie klop nie en op 32 weke swangerskap word bevestig dat die babatjie nie lewensvatbaar is nie en nie sal lewe na geboorte nie. 6 Junie 2006 sal ons altyd by bly. Maar ook ’n dag van wroeg. ’n Hervormde predikant besoek ons en beveel aan dat ons aborteer. Wel dit bestaan nie in ons woordeskat nie want ons as mens kan nie besluit oor lewe of dood nie. Ek dink die Hervormde predikant is daardie dag daar uit met ’n ander boodskap as waarmee hy ingekom het. Want die Dopper koppe kon hy nie draai nie. Ons besluit om die pad deur te loop met die swangerskap. Ons kuier daagliks vir Dr Andries en hy monitor Mientjie en die tasse staan reg. Mientjie se bloeddruk begin klim en op 35 weke van swangerskap raak dit maar ’n gevaar en ons is deur Pretoria toe. So word Mia gebore op 5 Julie 2006. Die dogtertjie wat al van vroeg in swangerskap gereageer het op ons stemme. Sy is kort na geboorte rustig oorlede. Die hospitaal wil iemand voorstel wat verassing doen. Ek staan vas sy sal uit die Gereformeerde Kerk begrawe word. Die groot lykswa met die klein wit kissie. Dit sal mens altyd by bly. Daar was toetse gedoen maar kon aan niks gekoppel word en ook niks probleme met die ouers nie. Ons het dit so aanvaar rustig en weet ons het als reg gedoen.

So begin die vrae wanneer kom die volgende baba. Toe ons hoor ons is swanger was die hele gemeente saam met ons bly en wou elke Sondag gehoor hoe dit gaan. Op 2 Januarie 2008 word Simonette gebore so perfek en ons waardeer as ouers die wonderwerk wat ander as van selfsprekend aanvaar word. Ons sieninge is dat ons altyd vroeg wil doop na geboorte en ons doen ook so met ons laaste 3 kinders.

Christiaan word gebore op 14 Februarie 2011 en Sebastiaan op 9 September 2013.

So begin ons reis om kinders groot te maak. Ons kom sommer vinnig agter om kinders groot te maak is harde werk. Simonette vorder goed maar sukkel van kleins af in die groot strome.

Christiaan klim al van kleins af voor hy kan loop. Hy is orals in die venster rame op die tafels. Mens moet behoorlik oë orals hê. My skoonma merk toe op dat Christiaan nie hoor nie. Daar gaan besoek ons ’n Oudioloog wat sê sy ore is toe en hy moet grommets kry. Ons besoek terapeute met opinies en dinge. So besoek ons ’n Dokter wat bevestig dat Christiaan ADHD en ODD het en sit hom op medikasie so begin dinge al leefbaar raak. Op Graad R vorder hy nie en ons besoek ’n Akademiese sielkundige wat in 2 ure hom diagnoseer as verstandelik gestremd en alle verdoemende nuus. Weer ’n hou vir ons as ouers. Die aand sê Christiaan die Oom het nie mooi van hom gepraat nie. Maar die diagnose maak nie sin nie, die kind kan opdragte uitvoer. So begin ons soeke na nog opinies en ons begin sy sintuie uitskakel. Oog toets suksesvol. Ons besoek Oudioloog op Hartbeespoort en sy meld dat op sekere frekwensies dat sy nie terugvoer kry nie. Sy verwys ons na die Universiteit van Pretoria se Oudiologie afdeling na klomp toetse bevind hulle dat hy gehoorverlies het op hoë frekwensie klanke wat sy spraak beïnvloed en dat hy sekere klanke glad nie kan hoor nie. Tussen in nader ons die Akademiese Sielkundige afdeling van die Universiteit wat bereid is om Christiaan te evalueer. Hy word toe gediagnoseer sonder bewys van vorige verslag van akademiese sielkundige. Hulle bepaal dat hy ASD (Outisme) sowel as ADHD en ODD



het. Hulle beveel ’n outistiese skool aan maar die regte skole is nie in Thabazimbi nie. Ons haal hom uit die skool en gaan verder aan om hom tuis te leer. Wat ’n opoffering en dis regtig moeilik met ’n kind wat nie wil nie en dan moet mens nog weet hoe ook. Die moeder kind verhouding raak moeilik. Die opmerkings van familie en vriende verander so dat mens as ouers mens begin onttrek uit die samelewing. Mens wil nêrens heen gaan nie. Almal weet beter en besluit jy as ouers weet mos nie hoe om jou kinders op te voed nie en mens gee hulle net nie genoeg pak slae, dit kan mos uit hulle geslaan word en ook dat die probleem in ons gene lê. Wel daar is nêrens outisme in een van ons families nie.

Sebastiaan vorder ook nie na wense nie en ons plaas hom in ’n klein skool. Daar kom ook probleme na vore. Ons besluit om hom te diagnoseer deur die dame wat Christiaan geëvalueer het. Sy verslag wys ’n paar goed uit maar 97% ADHD. Hy sal ook spesiale hulp moet kry.

Ons hulpbronne raak uitgeput in Thabazimbi en ons as ouers neem besluit dat ons gaan kyk na skole in die Vaaldriehoek naby Mientjie se familie waar daar ’n ondersteunings raamwerk is. Ek het ’n vaste inkomste en sal my werk moet behou want hoe gaan ek hulle finansieel kan ondersteun. Ek bespreek met my werkgewer dat ons na skole gaan kyk. Die skole en hulpbronne in die Vaaldriehoek sal dinge beslis makliker maak vir ons kinders. Ons neem ‘n besluit binne ’n week dat Mientjie met die kinders by haar ouers gaan bly en dat die kinders in die regte skole kom. Ek bespreek dit met my werkgewer van 18 jaar dat my vrou en kinders daar gaan bly. Hy verstaan die probleem en bied sy hulp aan vir werk verwysings. Ek meld ook dat met die huidige tegnologie dat ek nog steeds werk kan doen vir hulle. Ek gee ’n voorlegging van wat ek nog vir hulle kan beteken. Op 31 Oktober werk ek my laaste dag by hulle. 18 Jaar was ’n lang tyd. Op 1 November begin ek vir my self te werk waar ek ’n kontrak by hulle kry en konsultasie werk kan doen van Vereeniging af maar ook ’n nuwe kliënte basis kan opbou.

Op 1 November sluit ek permanent aan by Mientjie en die kinders wat ook maar swaar getrek het die laaste 2 ½ maand sonder my. Christiaan is gelukkig in sy skool en pas goed aan. Sebastiaan is ons nog in proses om hom in die regte skool op geneem te kry. Simonette is ook gelukkig en vorder goed met haar dans.

So kan ons met dankbaarheid getuig dat die Here ons op die pad gelei het tot hier. Waarna ek na 40 jaar Thabazimbi verlaat vir 'n nuwe onsekere begin maar vertroue het dat Hy ons sal verder lei op die regte paaie.

Baie liefde vir julle elkeen in die Gereformeerde Kerk Thabazimbi en dankie vir wat elkeen van julle vir ons beteken het as gesin die laaste jare. In besondere aan Ds Malan & Ds Neville Boy deur die jare maar ook aan Dr/Br Andries wat as huisdokter maar maak ook as ouderling ons bygestaan het.

Driaan, Mientjie, Simonette, Christiaan en Sebastiaan





# Dankbaarheid uit die Gemeente

**Die redaksie het die volgende twee vra aan van ons gemeente lede gevra:**

**Vraag 1**

**Waarvoor is jy dankbaar hierdie jaar?**

**Vraag 2**

**Kan dankbaarheid 'n mens se perspektief in die lewe verander?**



**Hier is die antwoorde uit ons gemeente:**

**Eline du Plessis**

**Vraag 1:** Dankbaar vir my lewe en gesondheid elke dag. Dink gesondheid en lewenskrag is soveel genade en rede om absoluut dankbaar te wees.

Dan my kinders...dankbaarheid loop oor as ek aan hulle dink en die meeste van als om ouma te wees. Soveel dankbaarheid vir die voorreg om jou kleinkind te leer ken. Daar is soveel om voor dankbaar te wees.Elke dag se wakker word.

**Vraag 2:** Ek dink verseker om dankbaar deur die lewe te gaan verander jou perspektief van negatief na positief...soms is dit moeilik ons is net mens...maar dan gaan sit jy stil en wees dankbaar en jou lewe word weer mooi.

**Jana van Wyk**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar vir God se seën en dat ons nog 'n jaar gespaar was. Vir my familie se gesondheid, my man en kinders om hulle om my te hê elke dag en dankbaar dat ons Vader ons oneindig lief het ten spyte van ons sondige natuur. Ek is dankbaar dat ons elke dag die natuur om ons kan beskou, omwerk te hê, kos op die tafel te sit en 'n opvoeding vir ons kinders te gee. Dankbaar vir God se deurlopende seën.

**Vraag 2:** Dankbaarheid kan verseker mens se perspektief verander en mens laat besef om minder te kla oor dinge wat ons nie het nie. Ons vergeet van als wat ons wel het en die voorreg om dit te hê.

**Martjie Du Preez**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar dat die Here my gedra het deur moeilike tye en omstandighede. Ek is dankbaar vir die krag wat ek ontvang om moeilike omstandighede te deurstaan.

**Vraag 2:** Ja, definitief. Jy kyk na mense deur jou genade. Jy sien dat jou kruis nie so swaar is nie. Jy sien wat genade beteken. Dit word lewendig vir jou!



**Andries Buys**

**Vraag 1:** Ek is gewoonlik dankbaar vir alles wat wel nog in my lewe is. Familie, werk en gesondheid.

**Vraag 2:** Dankbaarheid veroorsaak dat 'n mens se hartshouding in nederigheid bly maar ook dat jy baie mooi na alles omsien wat jy het...asook die mense wat na aan jou lewe. Ek dink dit is ook makliker vir iemand om meer optimisties te wees a.g.v. dankbaarheid.

**Stephnie van der Walt**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar om elke dag veilig by die huis te kom en weer my familie te sien. Ek is dankbaar om in bevoorregte posisie te wees om ander mense te help. Ek is dankbaar vir die geaardheid wat ek het om altyd die mooi in iemand te soek en mense by te staan. Ek is dankbaar vir ek en my familie se gesondheid en liefde en vrede wat ons kan deel. Ek is dankbaar vir 'n wonderlike lewensmaat wat God vir my gestuur het. Ek is dankbaar vir die krag wat ek ontvang om my struikelblokke deur te maak en die vermoë om die mooi in die lewe te waardeer.

**Vraag 2:** Natuurlik kan dit. Dankbaarheid wek positiwiteit in enige omstandighede. Dankbaarheid laat mens besef dat daar baie meer in die lewe is as aardse dinge.



**Melinda Buys**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar dat ek hierdie jaar soveel meer geestelik kon groei. Dat God gebeurtenisse op my pad toegelaat het om my te vorm. Met elke bietjie negatief wat op my pad kom kon ek so baie positief daarúít kry om mee te werk.Ek is dankbaar dat die Heilige Gees deur my werk om raak te sien wat mooi en goed is en die beste daarvan te maak. Om so dan ook ander te help om positief te wees. Is ongelooflik dankbaar vir ieder en elk wat in my lewe is. Veral my gesin.

**Vraag 2:** Dankbaarheid kan verseker mens se perspektief verander. Om met dankbaarheid op te staan en God te dank vir alles wek positiwiteit op.

**Robin du Plessis**

**Vraag 1:** Daar is baie dinge wat die afgelope jaar gebeur het waarvoor ek dankbaar is.

**Vraag 2:** Ek dink wel dankbaarheid kan 'n mens se perspektief in die lewe verander. Want hoekom is ons dankbaar? Die Here. Want dit wat ons het, is net genade en dit wat ons is, is net geleen.

**Annetjie Potgieter**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar vir God se grootheid, goedheid, seën en genade wat hierdie jaar weer oor ons neergereën het. Dankbaar vir gebede wat verhoor is hierdie jaar, As ons dankbaar is vir klein seëninge kan ons lewe , sal ons ook groot seëninge ontvang.  Dankbaar vir die wete dat ons net op God kan vertrou en Hy sal uitkoms gee op Sy manier en op Sy tyd. Sy plan vir my lewe is perfek in plek , nie soos ek dit beplan of wil hê nie, maar soos Hy dit wil hê.

**Vraag 2:** Ja, dankbaarheid is die kern van ons geloofslewe. In geloof lewe ons 'n lewe van dankbaarheid, vir God se genade en seën in ons lewe. Dankbaarheid is soos water en sonlig dit laat seëninge groei...Die HERE se goedheid is onendig. Ps102.1



**Neville Boy**

**Vraag 1:**  Ek is dankbaar dat ek lewe. Die Here gee lewe en lei my en versorg my in hierdie lewe en vir die lewe hierna. Alle eer en dankbaarheid aan die Here.

**Vraag 2:** Nee dit kan nie. Dankbaarheid kom na vore as gevolg van die Heilige Gees wat alreeds jou perspektief op die lewe verander het. Jy is dankbaar omdat Christus vir jou gesterf het en aan jou nuwe lewe geskenk het. Dit is omdat jou perspektief deur Hom verander is. Rom 12v 2 : Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

**Jaco Venter**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar vir my lewe, ek het hierdie jaar gesien hoe vinnig als om jou kan verander.

**Vraag 2:** Beslis, was dit nie vir die dankbaarheid wat ek in als sien nie, sou my lewe maar vaal gewees het.



**Tjaart Coetzee**

**Vraag 1:** Die maklike antwoord is al die gewone goed soos: Gesondheid, dak oor die kop, Gesin en familie en liefde, werk ens.

Al hierdie goed is natuurlik belangrik en gawes wat ons van God ontvang, maar hierdie jaar is ek die dankbaarste dat God werklik (real) is.

Dit is nie net 'n storie wat ons vir kinders en swakkelinge vertel om hulle beter te laat voel nie, die Here is werklik, Hy bestaan, Hy is in beheer, Hy is getrou, Hy is barmhartig, Hy is almagtig, ens. Hy het 'n persoonlike verhouding met elkeen van ons deur die Heilige Gees wat in sy volheid in elkeen van ons woon.

Hoe geseënd is ons nie om te weet dat die Here met elkeen van ons 'n persoonlike verbintenis het nie, dat Hy ons dra, lei en bewaar elke dag van ons lewens veral op die dae wat ons van Hom vergeet en die wêreld met ons eie krag wil aanpak.

So waarvoor is ek die dankbaarste die jaar? Ek is die dankbaarste dat die Here die Here is, vir my en al my broers en susters in die geloof. Selfs al struikel en twyfel ons soms in ons swakheid is die Here daar aan die stuur en in beheer.

**Vraag 2:** Hoe dan anders, as ons in dankbaarheid besef hoe groot die genade en liefde van die Here is (Wat HY alles vir ons doen onverdiend) kan ons nie anders as om in dankbaarheid ook te probeer om (in ons menslike swakheid). Sy voorbeeld van liefde, genade, vergifnis, ondersteuning, ens. uit te leef nie, deur dit onverdiend op ons mede broers en suster uit te gooi, soos Christus met ons maak nie.

**Jacobus Dreyer**

**Vraag 1:** Al die genade.

**Vraag 2 :** Definitief



**Philip du Preez**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar die jaar dat ek ten spyte van beproewinge en versoekings altyd bewus was van die Here se teenwoordigheid in my lewe.

**Vraag 2:** Dankbaarheid laat 'n mens besef dat wie jy is, wat jy bereik en wat jy besit slegs genade is. Dit hou jou nederig en God kry vir alles die eer.

**Emmerentia du Preez:**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar vir my familie en die Here se genade

**Vraag 2:** Ja, dankbaarheid kan jou perspektief verander in die lewe want die oomblik wat jy dankbaar is besef 'n mens wat ware liefde is.

**Francois Roux**

**Vraag 1:** Ek is dankbaar om 'n Christen te wees wat geseën is met 'n werk en al die klein goedjies wat ons as vanself-sprekend aanvaar. Goed waaraan ons nie elke dag dink nie, soos gesondheid, 'n dak oor jou kop en voorreg om my God nog in 'n kerk te mag dien.

**Vraag 2:** Ja, dankbaarheid het 'n manier om mens nederig te maak. So ek sal sê dat dit mens bietjie terugbring grond toe. Dit laat jou besef hoe afhanklik jy van God se genade en liefde is.

**Louis Scheepers**

**Vraag 1:** Vanjaar is ek baie dankbaar vir 'n kleinkind wat gebore is in die besonder. Wat is daar nie om voor dankbaar te wees nie? As gelowige is ek vir alles dankbaar wat ek uit die Here se hand ontvang.

**Vraag 2:** 'n Mens se perspektief in die lewe verander werklik die oomblik as jy besef dat dit wat jy ontvang nie net vanselfsprekend is nie, maar genade gawes uit die Here se hand. Daarom moet jy jou dankbaarheid toon deur gebed en deur jou dankoffer aan die Here te bring.

**Hennie Naude**

Waarvoor is jy die dankbaarste die jaar?

1) a) Na die trauma van die ontdekking van ‘n kwaadaardige niergewas en die verwydering van die nier, was daar groot dankbaarheid dat die gewas ontdek is en verwyder is voor dit wyer versprei het. Die ondersteuning van my vrou, gesin en familie, vriende en mede- gelowiges (predikant, ouderlinge, en baie ander).

b) Dit klink dalk vreemd, maar ‘n mens hoef net eenmaal in ‘n Onkoloog se spreekkamer te sit om te besef hoe goed jou eie gesondheid eintlik is. Hoeveel jy eintlik het om voor dankbaar te wees, hoe klein jou eie ‘kruisie’ is wat jy dra.

c) Kyk maar net na 2 susters in ons eie gemeente wat kanker het en behandeling ontvang, en jy besef hoeveel jy het om voor dankbaar te wees.

d) As die Here ons spaar sal ek en Henna die 7de Desember 50 jaar getroud wees.

e) Die Heer het ons op die 5de November die trotse grootjie ouers gemaak van ‘n agterkleinseun.

Kan Dankbaarheid ‘n mens se perspektief in die lewe verander?

2) ‘n Mens vat niks saam as jy hierdie lewe verlaat nie. Al wat jy nodig het is geloof, kos, ‘n dak oor jou kop en die mense wat jou liefhê en ondersteun. Dan speel die Bybel ’n belangrike rol om jou te laat besef hoeveel jy het om voor dankbaar te wees.



# Die brand wat dankbaarheid kom aansteek het

Soos baie van julle weet het ons hierdie jaar ’n paar harde bene of moet ek sê “paar stukkende bene” gehad.

Vroeg in die jaar het ons Politoer fabriek afgebrand. Nie net het ons ’n hoop geld verloor nie, maar Dirk en Tjaart het ’n gebou en toerusting verloor. Pa Dries het erge brandwonde opgedoen en baie sentimentele en praktiese besittings verloor. Hy is ook in die proses uit sy inkomste uit “gebrand”. Daarmee saam kom ’n hele hoop emosionele bagasie.

Ek wil nou graag met julle deel hoeveel dinge ons in hierdie situasie het om voor dankbaar te wees.

Die eerste woorde wat ek en Jaco vir mekaar gesê het, was: Dit is God se goed. Ons het geen reg om kwaad te wees nie. Ons het God onmiddellik gedank vir die seën wat ons dadelik kon sien en Hom vertrou om ons te wys watse goeie dinge nog hieruit gaan kom.

Heel eerste dank ons God dat Hy Pa Dries en Abraham se lewe gespaar het. In hierdie brand was 5 gasbottels. Een het byna 300m deur die lug getrek. Dit het binne die grondpad geval, ’n meter van al twee die droë gras kante van die pad af. Ons is dus dankbaar dat die bottel nie ’n meter links of regs geval het nie. Ma Ina sou afgekeer gewees in haar huis en Tjaart en Bernie se nuwe huis sou in die spervuur wees as die droë gras vlam gevat het. Daar is 4 woonhuise en kantore asook werkers kwartiere rondom hierdie chemiese vuur...niks daarvan het gebrand nie. Henk Havenga het gesê dat hierdie chemiese vuur ’n eerste was vir hom wat dan ook die rede was waarom hulle met water en nie skuim op die toneel was. Ons dank God dat hul die vuur kon beheer en dit nie verder versprei het nie.

Ons is dankbaar dat God mense soos Tjaart, Dirk , Bernie en Nicolette in ons lewe gesit het. Nicolette het Pa Dries dokter toe gejaag. Dirk se eerste woorde aan Jaco was: “ Waar is die vleis , laat ons braai.”

Hierdie "Genade mense" wou nie 'n sent aanvaar vir vergoeding vir hulle eiendom en toerusting wat beskadig is nie.

Tydens die brand was Henk Havenga en die Munisipale brandweer op die toneel. 'n Familielid van ons het 5 jaar terug 'n brand in 'n ander dorp gehad en na die brand 'n rekening van R40 000 ontvang.

Ons het dus tenminste 'n rekening van R80 000 verwag. In die weke na die brand het ons Henk bly kontak om die rekening te kry...hy was net nooit beskikbaar. 3 Weke later loop ons hom weer raak en vra kan hy asseblief die rekening stuur ons wil die sake afhandel. Sy woorde: " Watse rekening? Ek gaan nie vir julle 'n rekening stuur nie." Ons vra toe oor die munisipale rekening. Hy sê toe dat hy die munisipaliteit moet debiteer en hulle die kliënt...en hy gaan nie die munisipaliteit 'n rekening stuur nie. Nou ons weet nie wat so 'n rekking sal wees nie, maar vir ons was dit R80 duisend rand.

Dokter Buys het vir 'n paar maande Pa Dries se wonde behandel. Die dag toe ons die rekening vereffen toe kry ons 'n staat met R47.50 as totaal.

Pa Dries se splinter nuwe baie duur bril het in die brand omgekom. Die Oogarts Ilse du Plessis het dit gratis vervang.

Hierdie is net *van* die finansiële dinge waarvoor ons so-so dankbaar is.

God het ons geseën met 'n ondersteuning stelsel van mense wat kos aangedra het, liefde gegee het , opgevolg het.

Die grootste dankbaarheid vir ons is egter dat ons almal saam kon sit en sê : Hierdie was 'n ongeluk. Hierdie gebeure bly net hier. Ons besluit nou om te vergewe. Vry te spreek. Ons besluit nou om die seën hierin te sien en geen wrok of verbittering te koester nie. As ons dan soveel vryskelding gekry het van almal om ons ...Hoe kan ons iets teen ander hou? Die gelykenis van die Koning wat die man se skuld afgeskryf het wat nie die genade besef het nie, en toe sy skuldenaars gaan afpers het vir dit wat



hulle hom skuld, het *groot* voor ons gestaan. Net so is dit met Jesus wat vir ons betaal het. Alles betaal het. Hoe kan ons dan ander wil verantwoordelik hou vir dinge wat hulle teenoor ons verkeerd gedoen het?

Dankie, dat ek hierdie met julle kon deel. Dit is baie persoonlik maar ek glo dat een en elke een wat dit hoor God se genade daarin sal sien en sal soek na God se seën in hulle lewe.

Groete

Jaco en Daleen

Ps. Andries se arm wat twee maande later breek en Jaco se voet wat 2 weke na Andries se gips af is breek...is 'n storie vir 'n volgende keer. Indien jy nuuskierig is, kom gesels met ons, ons deel graag met julle die goedheid van God in dit alles.



# Kreatief

# Dankbaarheids

# kruik






# Dankbaarheids ete

**Die Kers seisoen is om die draai. Dit is 'n tyd waar ons almal dankbaar voor God staan vir 'n jaar wat verby is. Wees kreatief en geniet die saam kuier met humoristiese versierde borde. Laat die kinders help. Hulle skeppings is vol humor en akkuraat.**



# Grappies

Wanneer ’n vrou sê sy is liewer vir haar kinders as vir haar man is dit ’n leuen. Sy sal haar kinders by die buurvrou los maar nooit haar man nie.

Ek het vandag daai ekstra myl probeer loop vir my werk. Toe kry my baas my langs die pad en vat my terugwerk toe!

Ouma sit saam die kinders voor die TV: “Sjoe, maar die smurfies het groot geword!” Kinders: “Ouma asseblief ...ons kyk Avatar.”

Ek kry nou so warm ek het begin foto’s delete waar ek baadjies aan het.

Jannie het geleer dat Eva uit Adam se rib geskep is. ’n Paar dae later kry sy ma hom waar hy op die bed lê en sy, sy vashou.”Wat makeer?” Wou sy weet. “Ek het ’n  baie erge pyn in my sy. Ek dink ek gaan ’n vrou kry.”

4 ou Tannies ry op hoofweg teen 22km/h . Die spietkop keer hulle voor. “ Tannie , hoekom ry jy so stadig?”

“ Man, die padteken sê dan R22”

Spietkop verduidelik dat dit die pad nommers is. Die ander 3 tannies sit tjoepstil, windverwaaid en spierwit. Spietkop vra : ”Tannie, wat gaan aan met hulle?” Antie : “Moet nie worry nie, hul sal nou regkom... Ons kom nou net van die R365 af!”



